

# WAT JOU *gesig* ALLES

Geweet dat 'n ervare gesigsontleder jou voorkeure, bestedingstyl en selfs swaarkry uit die verlede op jou gesig kan lees? Nee, dit hoef jou nie benoud of blootgestel te laat voel nie. 'Face reading' is 'n brugbouer soos min. Deur Mariette Snyman. Foto's Peter Baasch

## Altyd aan die verander

Gesigsontledeers weet dat gesigte voortdurend verander en dat elke vorm en lyntjie op die gesig betekenisvol is. "As 'n baba gebore word, sê ons hy het Pappa se ore en Ouma se mond," sê Marthie. "Maar gesiggies verander vinnig. Kleintjies het in verskillende stadiums 'n gunstelingouer saam met wie hulle alles wil doen. As jy mooi oplet, sal jy agterkom dat hulle meer na dié ouer begin lyk. Gaan hulle skool toe, is daar weer ander invloede wat bydra om hul karakter te vorm."

Die grootste gesigsveranderinge vind in die tienerjare plaas. "Dit weerspieël die innerlike transformasieproses. Wat binne verander, wys buite - en andersom. As jy 'n Botox-inspuiting of plastiese chirurgie kry, gaan dit 'n invloed op jou persoonlikheid hê. Is die verskil te groot om emosioneel te verwerk, sal die prosedure waarskynlik minder suksesvol wees. As jy vooraf weet watter simboliek agter die beplande verandering lê, kan jy 'n ingeligte besluit neem en die verandering met binnewerk steun."

Selfs kleiner veranderinge soos om jou wenkbroue te pluk of grimering te dra, kan innerlik 'n invloed hê. "Die modevoorkoms van die tipiese *sixties child* is 'n sprekende voorbeeld. Dit was 'n tyd toe mense oop was vir nuwe idees. Die swaar oogomlyning het die ronding van die onderste ooglid beklemtoon, wat ontvanklikheid simboliseer. Hoe dikker jou wimpers, hoe verdraagsamer is jy. Destyds was vals wimpers aan die orde van die dag. Vandag nog sorg baie vroue vir 'bokkie-oë' op 'n eerste afspraak. Hulle weet onbewustelik dat dit hulle toegankliker laat lyk."

## Waar begin jy?

Gesigte word vertikaal in twee en horisontaal in drie dele verdeel, verduidelik Marthie. "Die linkerdeel van jou gesig verteenwoordig jou persoonlike lewe, terwyl die regterdeel op jou minder intieme verhoudings en werkslewe wys. As jy voor 'n spieël staan, bly links links, maar as ek iemand voor my se gesig ontleed, is sy



Ons "lees" daagliks ander se gesigte, meestal sonder dat ons dit besef. Één kyk na jou kind as hy by die skoolhek uitkom, en jy weet sy dag was onderstebo. 'n Vinnige blik na die vrou agter die kasregister, en jou indruk van haar is klaar gevorm.

"Van kleins af maak ons afleidings oor ander se emosies en persoonlikheidseienskappe deur na hul gesigte te kyk," sê Marthie Maré, grafiese ontwerper en gesigsontleder van Pretoria. "Ons ken net nie noodwendig die teorie agter dié praktyk nie. Gesigsontleeding is 'n goed ontwikkelde, eeue oue wetenskap. Die Chinese het drieduisend jaar terug al hul waarnemings neergeskryf. Die studie van die gesig word fisionomie genoem, nes fisiologie die studie van die liggaam is."

Wat bring die vermoë om gesigte te kan lees jou in die sak?

"Dit help jou eerstens om jouself beter te verstaan. Meer begrip van jou talente en uitdagings beteken meestal 'n positiewer selfbeeld. Sodra jy agterkom wat jou prominente neus of plooië simboliseer, raak jy tien teen een trots daarop! Elke gelaatstrek sê iets van wie jy is."

Wanneer jy ander se gesigte kan lees, verstaan jy hulle ook beter. "Jy weet onmiddellik hoe om iemand doeltreffender te benader. Dis 'n kragtige hulpmiddel in intieme én minder persoonlike verhoudings. In 'n huweliksverhouding kan dit vir jou 'n lig laat opgaan as jy weet hoe jy en jou maat in jul werkswyse of finansiële uitkyk verskil. Op korporatiewe vlak kan gesigsontleeding ingespan word om die regte kandidaat vir 'n pos te kies, werkspanne saam te stel, persoonlikheids- en kultuurverskille te oorbrug en kliënte se 'taal' te praat. Die toepassingsmoontlikhede is eindeloos; in die VSA word dit selfs gebruik om juries saam te stel en akteurs vir filmrolle te kies."

# VAN JOU SÊ

linkerkant aan my regterkant.”

Gesigte is selde simmetries omdat mense gewoonlik verskillend teenoor nabymense en kollegas of kennisse optree. Die horisontale dele strek van die haarlyn tot bo die wenkbroue, van die wenkbroue tot die onderpunt van die neus en van die onderpunt van die neus tot die onderpunt van die ken. “As iemand ’n dubbelken het, stop jy by die eerste ken.”

Gewoonlik is een deel groter as die ander. Dis dan die dominante gebied. “Die boonste deel kenmerk iemand wat graag met idees werk, die middelste deel iemand wat op gevoelens ingestel is en die onderste deel iemand wat prakties en mensgerig is. Dis natuurlik ’n ooreenvoudiging; as jy ’n gesig ontleed, neem jy die gesig as geheel in ag.”

Drie vorms is van belang. “Spits kenne, wenkbroue en so meer dui op ’n behoefte aan beheer. Maar hulle word dikwels deur ronde wange of ander gelaatstrekke versag; ronding word met mensgerigheid en sensitiwiteit vir ander se gevoelens verbind. Reguit wenkbroue wys daar word meer op feite gefokus, terwyl die reguit lyne van ’n ken of baard aandui dat beginsels en ideale die belangrikste oorweging is wanneer besluite geneem word.”

Daar is verskillende “skole” wat gesigsontleiding bestudeer, sê Marthie. “Ek het wyd gelees en studeer op die oomblik by die Amerikaner Rose Rosetree omdat sy so ’n positiewe benadering het. Sy kyk nie na gesigte met die doel om mense te etiketteer of te oordeel nie; sy fokus meer op die talente wat elke gesig verklap. As ek net tien persent van alle Suid-Afrikaners kan leer gesigte lees, sal my beker oorloop. Dit sal ’n ingrypende verskil aan die samewerking tussen mense van verskillende kulture en aan verhoudings op alle vlakke maak.”



Wilna Snyman (70),  
Madel in *7de Laan* en  
Jaco Vermeulen (24),  
Marius in *Villa Rosa*.



## Wat sê Marthie oor Jaco Vermeulen?

Jaco se wenkbroue dui aan dat hy intelligent is en maklik met 'n hele paar projekte op 'n gegewe tyd besig kan wees. Sy uitdaging is om mense nie met sy intellektuele vermoëns te oorweldig nie. Hy hou daarvan om nuwe inligting te vergaar en logiese afleidings te maak. Aangesien sy fokus meer op feite gerig is, mag hy soms koud/kil voorkom

vir iemand wat geronde wenkbroue het (geronde wenkbroue dui op iemand wat meer op gevoelens fokus). Hy is spontaan en sal soms praat voor hy dink. Die horisontale plooië onder sy oë dui aan dat die lewe hom nie maklik sal onderkry nie. Hy het die vermoë om in moeilike tye terug te veg.

Sy persoonlike lewe hou hy baie privaat en hy handhaaf 'n redelike persoonlike ruimte rondom hom. Hy vertrou mense nie maklik nie, maar dié wat so gelukkig is om as sy persoonlike vriende geag te word, sal 'n lang pad saam met hom kan loop.

Sy ore sit hoog, wat beteken dat hy inligting vinniger as die meeste mense kan verwerk en net so vinnig 'n besluit kan neem. Hy hou nie daarvan om lank te tob oor iets nie. Sy ore dui ook aan dat hy ongeduldig kan raak wanneer hy na lang, uitgerekte stories moet luister.

Op die punt van sy neus het hy 'n "neus-bonus" wat beteken hy glo dat hy mense deur sy werk kan help. Hy werk gemaklik in groepverband, maar nie sonder om sy eie stempel op 'n projek af te druk nie.

Jaco se glimlag wys dat hy 'n goeie selfbeeld het. Die langer oogtande simboliseer dat hy 'n sterk behoefte aan mededinging het. Enige teenkating sal hom net meer motiveer om sy doelwit te bereik. Sy wye kakebeen dui op besondere uithou- en aanhouvermoë.

Sy ken wys dat hy avontuurlustig is en nie vir uitdagings skrik nie. Verhoudings moet stimulerend wees om sy aandag te behou. Hy het 'n sterk wil en sy beginsels speel 'n belangrike rol wanneer hy besluite neem.

Jaco het 'n redelike simmetrie tussen die linker- en regterkant van sy gesig wat beteken hy het 'n goeie balans tussen sy innerlike en uiterlike lewe. "Wat jy sien, is wat jy kry".

## Jaco se kommentaar

Ek dink nie dis ooit vir enige mens maklik of gemaklik om iemand anders se weergawe te hoor van wat of wie hulle dink jy is nie. Die blote feit dat ek so voel, dui waarskynlik daarop dat Marthie nie te ver van die waarheid af is nie.

Sy is reg as sy sê dat ek 'n private mens is en ander nie maklik toelaat om werklik na aan my te kom nie. Ek het ook al ervaar dat mense my as koud of kil ervaar - dis nie my bedoeling om so oor te kom nie, maar dis nou maar eenmaal hoe ek is. Ek wil darem sê dat die vriendskappe wat ek aanknoop baie sterk is en lank duur, ek het nou nog vriende wat ek op twaalf ontmoet het.

Marthie is reg dat ek mededingend is. Dis sowel 'n goeie as 'n slegte ding. Ek is my lewe lank al besig met sport en het aan my eerste nasionale kampioenskap deelgeneem toe ek twaalf was. Ek het nie opgehou met mededingende sport voor ek in my eerste jaar aan die Universiteit van Johannesburg was nie. Mededingendheid is 'n eienskap wat in elke faset van my lewe kop uitsteek - in my werk, tussen vriende en vreemdes en, die ergste van alles, wat myself betref. Ek is dikwels ontevrede met wat ek doen as ek weet dat ek dit voorheen beter reggekry het. Enersyds plaas dit onnodige druk op my, maar andersyds verseker dit dat ek altyd alles na my beste vermoë doen.

Met Marthie se stelling dat ek nie daarvan hou om lank oor iets te tob nie, kan ek saamstem én verskil. Omdat ek baie mededingend is, sal die gedagte dat ek "misluk" soms 'n tydjie by my bly, tot ek die kans kry om die teendeel te bewys - al is dit net aan myself. Ek tob wel nie oor simpel en onbelangrike dinge in my lewe nie, ek bestee net tyd aan dinge wat vir my belangrik is, en aan die mense rondom my.

Enigeen wil glo dat hy 'n goeie selfbeeld het en dit wat hy aanpak, sal kan deurvoer. Ek dink vir jou eie beswil moet jy tussen 'n sterk selfbeeld en arrogansie kan onderskei. Sonder om arrogant te wees, kan ek sê ek het goeie deursettingsvermoë; ek het dit in my lewe al by meer as een geleentheid bewys. Maar ek sal ook onmiddellik ophou met dit waarmee ek besig is as ek voel dis tot nadeel van iemand, of in stryd met die beginsels waarop my lewe gegrond is.

'EK DINK NIE DIS OOIT VIR ENIGE MENS  
MAKLIK OF GEMAKLIK OM IEMAND  
ANDERS SE WEERGAWTE TE HOOR VAN  
WAT OF WIE HULLE DINK JY IS NIE. DIE  
BLOTE FEIT DAT EK SO VOEL, DUI WAAR-  
SKYNNLIK DAAROP DAT MARTHIE NIE TE  
VER VAN DIE WAARHEID AF IS NIE'



## Wat sê Marthie van Wilna Snyman?

Die horisontale gedeelte tussen Wilna se haarlyn en wenkbroue is dominant. Dit beteken sy kan in vervoering raak oor idees, konsepte en nuwe teorieë, hoewel sy daarvan hou dat stellings deur bewyse ondersteun word. (Die septum van die neus is 'n bietjie gesak, wat wys dat sy analities dink.) Sy lees waarskynlik wyd, ook op die internet.

Mense kan haar as onbetrokke ervaar omdat sy "in haar kop" leef en miskien nie altyd hoor as hulle praat nie.

Die plooitjies langs Wilna se neus dui op 'n ondeunde sin vir humor, selfs 'n stout streep - sy kan jou dalk net 'n poets bak ...

Die vorm van haar wenkbroue beklemtoon haar fokus op idees en feite, terwyl die digtheid wys sy kan meer as een taak op 'n slag hanteer en dat haar fokus van begin tot end op 'n taak kan bly. Haar regterwenkbrou is effens laer as die linkerwenkbrou, wat beteken dat sy by die werk verbaal vinnig reageer en ander se sinne kan klaarmaak. Die regterwenkbrou vorm 'n spits: sy hou daarvan om in beheer van werksituasies te wees. Met haar linkerwenkbrou, dus in haar privaatlewe, is dit nie die geval nie.

Haar eerste of boonste ooglid links is breër as die een aan die regterkant. Dit meen in haar privaatlewe laat sy mense nader aan haar toe as in 'n werksopset, waar sy meer ruimte nodig het. Haar linker oog is groter as die regter oog; sy is oper vir dit wat sy in haar persoonlike lewe sien, terwyl sy op werkgebied skeptieser is.

Die horisontale plooitjies onder Wilna se oë is moedlynne of *courage lines*. Sy het swaar tye beleef, maar die moed gehad om weer op te staan.

Die feit dat sy meer as twee fronsplooitjies het, wys sy is streng met haarself - 'n perfeksonis. Dit beteken ook dat sy ander soms krities benader.

Die horisontale lyntjie hoog op die neusbrug is 'n uitbrandingslyn. Wilna doen op die oomblik te veel - tien teen een ook vir ander - en het 'n bietjie bederftyd nodig om haar batterye te herlaai.

Wilna se neus neig effens na regs, wat op sterk werksambisie dui. Die neusgate, wat met bestedingstyl verbind word, wys dat sy op 'n persoonlike vlak makliker geld sal uitgee as op 'n sakevlak. Sy gee ook meer van haarself in haar persoonlike as in haar werksdoelgerigtheid.

Die vertikale lyntjies tussen die wange en kakebeen langs Wilna se mond word steunlyne genoem. Hulle simboliseer sielswroeginge, moeilike situasies waartydens sy waarskynlik op ander se hulp moes staatmaak. Sulke belewenisse gee jou empatie vir mense wat in soortgelyke omstandighede is; jy verstaan die kuns om hulle te ondersteun. Dié lyne dui ook op sjarme.

Die lyn wat soos 'n steunlyn begin, maar onder om die ken deurloop na die ander kant, is 'n geselslyn. Mense met dié kenmerk gesels lekker en is spontaan.

Wilna se breë ken wys dat sy harde hou op die ken, soos verwerping van enige aard, goed kan hanteer. Die volheid van haar ken dui daarop dat sy baie van ander kan verduur, totdat daar op 'n dag 'n groot woedeuitbarsting kom. Maar so 'n storm waai gou oor. Wanneer sy besluite neem, neem sy mense en hul gevoelens in ag.

Die grens tussen Wilna se binne- en buiteoorsirkel is duidelik gebeitel, wat meen dat sy 'n stewige greep op die geestelike sowel as die praktiese sy van die werklikheid het. Sy kan haar wysheid op 'n objektiewe, praktiese manier toepas.

## Wilna se kommentaar:

Fisionomie is 'n wetenskap wat beslis nuwe lig werp op die psige van die mens, die "hoekoms en waaroms" en oënskynlike toevallighede van sy bestaan.

Dit is 'n grensverskuivende benadering in die ontleding van verhoudings en interaksie tussen mense - ook om die "self" beter te verstaan sodat 'n gesonde en gebalanseerde selfbeeld ontwikkel kan word.

Hierdie ontleding van Marthie Maré is 'n openbaring en so akkuraat dat dit 'n mens met "koue rillings" laat.

## Kitsgids

- As ons vreemde mense ontmoet, kyk ons heel eerste na hul wange en wenkbroue.
- Mense met prominente wangbene word onbewustelik as leiers gesien, terwyl mense met ronde wange as niebedreigend ervaar word.
- Kuiltjies dui op speelsheid.
- Die gedeelte bo die bolip verteenwoordig jou vroulike kant. Mans wat 'n snor dra bedek of beskerm dié deel, dalk omdat ons samelewing geneig is om macho manlikheid te oorbeklemtoon.
- Mense met bakore is individualisties en konformeer nie graag nie. Hulle is dikwels suksesvolle entrepreneurs.

Marthie Maré bied beginners- en gevorderde werkwinkels in gesigsontleding aan en doen ook korporatiewe konsultasies en private ontledings vir individue sowel as paartjies. Hiervoor kan sy foto's gebruik, mits die kamera op die vlak van die gesig was toe die foto geneem is, die beligting goed is en sy seker is van die werklike linker- en regterkant.

Meer inligting by 082 716 3626 of [faceprofiles@yahoo.com](mailto:faceprofiles@yahoo.com)